# Die Nuwe Amerikaanse Ryk

**Niall Ferguson,** ***Colossus. The Rise and Fall of the American Empire***
Allen Lane, Londen, 2004
384 pp
ISBN 0713997702
R254.00

Wat het die Amerikaanse akteur-goewerneur Arnold Schwarzenegger en die huidige internasionale posisie van die Verenigde State van Amerika (VSA) in gemeen? Hulle is altwee bejaard, maar het die liggaamsbou van 'n kragman in sy jeug. Beide is in werklikheid ook magtelose kolosse. In sy mees onlangse rolprent, *Terminator lll*, speel Schwarzenegger die rol van 'n magtige robot wat 'n swak mens moet beskerm, maar wat uiteindelik tot sy vernietiging bydra omdat hy op die kritiese oomblik wat hy bepalend moet optree, die opdrag ontvang: "Abort". Met hierdie vergelyking verbeeld die briljante historikus Niall Ferguson, wat reeds 'n internasionale naam as skerpsinnige skrywer en vars denker gevestig het, sy opsomming van die opkoms en rol van die VSA as 'n imperiale ryk.

Ferguson is 'n Oxfordse professor in Geskiedenis. Hy is 'n ekonomiese, of meer korrek, 'n finansiële historikus wat met sy mikrostudies van die Rothchilds en sy studie oor die invloed van die papier- en staalnywerhede in Hamburg op die politieke geskiedenis van Duitsland tussen 1897 en 1927, sy besondere vermoë om droë finansiële statistiek met boeiende sosiale en

---

7. See for example his Empire: the rise and demise of the British world order and the lessons for global power (Basic Books, New York, 2003); and Colossus: the price of America's empire (Penguin Press, New York, 2004).

politieke gebeure in verband te bring, gedemonstreer het. Hy is tans Brittanje se produktiefste historikus met vier boeke en een televisiereeks op sy kerfstok sedert 2000. Dit is veral sy vergelykende studies van imperialisme en die besondere rol wat finansiële werklikhede en ekonomiese beleid daarin gespeel het, wat sy roem ten grondslag lê. So het hy byvoorbeeld in sy boek *The Cash Nexus* (2000) die standpunt ontwikkel dat die VSA nie net oor die middele beskik om 'n bepalende globale rol te vervul nie, maar eintlik ook nie kan beskostig om nie so 'n rol te speel nie. In sy nuwe boek bou hy op hierdie tema voort en trek hy die volgende lyne deur:

- Die wêreld van vandag met sy meerderheid onstabiele en arm state wat net verder in armoede versink, het 'n dominerende liberale ryk nodig wat die beginsels van demokrasie, selfbeskikking, ekonomiese groei tot al die inwoners se voordeel (en nie net tot die verryking van enkeles nie), asook die bekamping van korrupsie en etniese konflikte kan verseker. In sy boek wat net voor hierdie een verskyn het, *Empire. How Britain made the Modern World* (dieselfde uitgewer, 2002), het hy geargumenteer dat die nege positiewe nalatenskappe van Britse Imperialisme inderdaad juis dit gedoen het. (Vir 'n bespreking van dié boek, kyk *Historia* 48, 2, November 2003, pp 170-172).
- In 'n vergelyking van die wêreldgeskiedenis se agt-en-sestig imperiale ryke (insluitende die VSA) onderskei Ferguson tussen verskillende soorte ryke. Drie beskou hy as liberale ryke, naamlik die Romeinse Ryk, die Britse Ryk en die nuwe Amerikaanse Ryk. Hulle word as sulks geklassifiseer omdat hulle, ten spyte van negatiewe aspekte, nie die onderdrukkende en aftakelende rol van ander ryke soos die Mongoolse, Ottomaans-Turkse, Tsaristiese en Sowjet Ryke, asook dié van Hitler en Mussolini gespeel het nie. Hulle het in groot dele van die wêreld stabiliteit gebring waar chaos sou geheers het as hulle nie aanwesig was nie. Hulle het ook vernuwende idees en instellings nagelaat wat die grondslag vir vooruitgang en ontwikkeling gelê het.
- Ten spyte van Amerikaners se heftige ontkenning dat hulle 'n imperiale moondheid is wat hom aan die onvergeeflike sonde van imperialisme skuldig gemaak het, toon Ferguson aan dat Amerikaners vanaf 1776 imperialiste was. Al gee hulle voor dat hulle die oermodel van anti-imperialisme is en dat hulle na die Tweede Wêreldoorlog minstens die morele leier en inspirasie van die anti-kolonialistiese en anti-imperialistiese strewe was, wys Ferguson daarop dat die inkorporering van die sewe-en-dertig nuwe state van die VSA na 1776 almal òf deur verowerings òf aankope teweeggebring is. Die Monroeleer van 1823, met sy klem op isolasionisme, was ook meer vertoon as werklikheid. In die tyd wat hierdie beleid gegeld het, het die VSA 'n sterk vloot opgebou om in die res van die

wêreld mee te ding. Teen 1907 het die VSA, en nie Duitsland nie, die grootste vloot naas die Britse vloot besit.

- Nóg in die eertydse Spaanse kolonies wat hy in die Karibiese gebied en die Stille Oseaan verower het, nóg met sy talle inmengings in Latyns-Amerika, het die VSA as imperiale moondheid enige blywende suksesse behaal wat met die prestasies van die Britse Ryk vergelyk kan word. Dit is net in Puerto Rico en Hawaii, wat hy geannekseer het, dat die VSA suksesvol was om ’n Amerikaanse orde te vestig.
- Sy grootste “imperiale” sukses, imperiaal in die sin dat hy die Amerikaanse orde op daardie lande kon afdruk, het hy tussen 1945 en 1955 met sy rekonstruksiebeleid in Japan, Duitsland en Korea behaal. (Ferguson laat Taiwan heeltemal buite bespreking). Dié sukses was net moontlik omdat die VSA besluit het om sy teenwoordigheid daar bykans permanent te maak (die VSA het vandag nog ’n militêre teenwoordigheid in aldrie lande) en omdat hy die drie lande volledig binne die Amerikaanse ekonomiese invloedsfeer ingetrek het. Vir hulle ekonomiese, politieke, militêre en sosiale sekuriteit moes hierdie lande basies die Amerikaanse instellings en styl aanneem.
- Dit is presies die groot tekortkoming van die VSA se inmenging in lande in Afrika, Latyns-Amerika en die Midde-Ooste sedert 1980. Die Amerikaanse beleid het in al hierdie lande misluk omdat die VSA gewoon nie met die nodige imperiale ywer besiel was nie. Hy het hierdie lande nòg ekonomies, nòg polities gepenetreer. Sy militêre betrokkenheid wou hy so spoedig moontlik beëindig. Dit is hierdie kenmerk van Amerikaanse Imperialisme wat Ferguson dit laat beskryf as ontkennende imperialisme (“imperialism in denial”). Wat die VSA in Kosovo, Bosnië, Afganistan en Irak nodig het, is dieselfde oortuiging dat hy ’n plig het om lank in hierdie lande as ’n pleegouer aanwesig te bly. Dit is die enigste wyse waarop hy hulle tot ’n suksesvolle oorgang na egte stabiele demokratiese samelewings met die maksimum ekonomiese ontwikkeling tot voordeel van al sy burgers kan help, soos hy in Duitsland, Japan en Korea gedoen het.
- Dit is ’n unieke imperiale rol wat die VSA moet en kan vervul. Hoewel die Europese Unie en die opkomende Chinese Ryk as moontlike imperiale mededingers met die VSA beskou word omdat hulle oor die potensiële elemente van mag beskik wat vergelykbaar met dié van die VSA is, sal nie een van hulle dit kan doen nie. Die Europese Unie beskik nie oor die wil om dit te doen nie, en China het eerder ’n vennoot van die VSA as kompetisie vir laasgenoemde geword.
- Om hierdie rol te kan vervul in belang van die wêreld se voorspoed en stabiliteit, wat van globalisme ’n deurlopende suksesvolle proses kan maak waarby almal kan wen, sal die VSA drie groot swakhede moet oorwin. Hy sal sy ontkenning van imperialisme moet afsweer, hy sal weer die militêre wil moet ontwikkel wat hy in die Koue Oorlog geopenbaar het en hy sal die

huidige endemiese tekort op sy betalingsbalans moet regstel. Hierdie tekort is nie die gevolg van oorstrekking van sy militêre vermoë en die groot hap wat sy verdedigingsbegroting uit sy lopende rekening verteenwoordig, soos graag oor die algemeen geglo word nie. Trouens die Amerikaanse verdedigingsbesteding is tans maar 3,5 persent van sy Bruto Nasionale Produk. Op die hoogtepunt van die Koue Oorlog was dit 7 persent. Hierdie tekort is die gevolg van oorspandering op die skep van luukshede vir die gryserwordende kiesers van die VSA. Veral sy mediese sorg- en sosiale sekuriteitskemas kos die VSA enorme bedrae per jaar wat insulasie by die Amerikaners bevorder.

- Elke land in die wêreld ervaar Amerikaanse sagte imperialisme op een of ander wyse. Die dominerende rol van die dollar as internasionale monetêre standaard, die tegnologiese oorheersing, die indringing van Amerikaanse media deur televisie, video's en rolprente, die verlammende posisie wat die Amerikaanse kultuur met sy popmusiek, McDonald's en Coca Cola-uitstraling besit, help nie om die wêreld se probleme van konflik, armoede en onstabiliteit op te los nie. Trouens, dit is verbasend hoe vinnig sulke oppervlakkighede deur reaksie en vyandigheid vervang kan word.
- Dit is hierdie dinge, asook sy onvermoë om ferm en beslissend op te tree waar sy inmenging werklik nodig is, wat die VSA so ongewild maak in vele dele van die wêreld. Terrorisme is nie, soos die VSA dink, iets nuuts nie. Dit dateer terug na die negentiende eeu toe dit as versetmiddel teen die Tsaristiese en Habsburgse Ryke gebruik is. Wat nuut is, is dat dit teen die VSA gebruik word. Laasgenoemde kan dit nie oorwin met die halfhartigheid wat hy tans in Kosovo, Afganistan, Irak en teenoor die ander twee "axis of evil" in George W. Bush se woorde (Iran en Korea), optree nie. As die VSA nie weer die wil ontwikkel wat hy in Duitsland, Japan en Korea geopenbaar het nie, en eerder sy luukse behoeftes voorrang gee bo sy rol as vertroetelaar van wêreldstabiliteit, kan hy (soos Edward Gibbon van die Romeinse Ryk gesê het) vind dat sy agteruitgang nie deur die bedreiging van buite (terrorisme) kom nie, maar deur sy swakhede van binne.

Soos sy boek oor Britse Imperialisme, is hierdie publikasie omstrede in sy uitsprake en bevindinge. Dit is egter net so boeiend en beeldryk geskryf, met skerpsinnige en onverwagte verbandleggings tussen gebeure. Dit is terselfdertyd 'n indringende en indrukwekkende ontleding van 'n magdom finansiële statistieke en die integrering daarvan met politieke en sosiale gebeure. Die anti-globaliste, die anti-imperialiste en die voorstanders van proteksionistiese beleide sal wel ernstige verskille met Ferguson hê. Ook diegene wat glo dat die oplossing van die armoede vraagstuk in die inpomp van ontwikkelingshulp geleë is, sal nie van al sy bevindinge oor die uitwerking van sodanige hulp hou nie. Dat sy beskouinge oor die Europese Unie dalk in die lig

van die afsydige houding van Europese kiesers in die pas afgelope verkiesings vir die Europese Parlement hersien sal moet word, lyk ook waarskynlik. Tog is sy uitkyk op die Europese integrasieproses veel nugterder as wat die entoesiasme van die pro-Europa groepe weerspieël. Soos met sy boek oor Britse Imperialisme, toon hy ook net 'n té beperkte begrip vir die werklikhede van etnisiteitsbelange en van die onafhanklikheidstrewe. Die meeste Amerikaners sal stellig oordeel dat hierdie boek net deur 'n Brit geskryf kon gewees het. Dit bly egter 'n boeiende en uitdagende werk om te lees – een van die varsste blikke op die Amerikaanse rol in die wêreld, en in besonder op internasionale verhoudinge van vandag, asook in die voorsienbare toekoms.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot
Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat